# Praktiese riglyne om u sendeling beter te ondersteun

Dit is God se wil dat "elkeen wat die Naam van die Here aanroep, . . gered [sal] word. Tog sien ons uit Rom. 10:13-15 dat daar 'n progressiewe ontwikkeling is om tot op daardie punt te kom. Dit is soos boublokke, een bo-op die ander:

| |
|---|
| Hulle word gered |
| Hulle roep die Naam van die Here aan |
| Hulle glo in Hom |
| Hulle hoor van die Here |
| Die goeie nuus word verkondig |
| Boodskappers word uitgestuur |

Die onderste blok, waarop al die ander blokke rus, is "Boodskappers word uitgestuur." Die hele proses begin dus met iemand wat gestuur word! Die Griekse woord vir "iemand wat gestuur word" is "apostolos", wat "sendeling" beteken.
Die grootste behoefte vandag in wêreldevangelisasie is nie om genoeg sendelinge te kry nie. Daar is honderde wat gereed is om te gaan en baie meer wat besig is om voor te berei om te gaan. Die probleem is om genoeg stuurders te kry! Ons het stuurders nodig om die wat uitgaan om die Goeie Nuus te verkondig, naby sowel as ver, te ondersteun. Hierdie ondersteuning gaan nie net oor geld nie, maar behels alle aspekte van ondersteuning.

Die plaaslike gemeente is die sleutel tot hierdie ondersteuning. In die Nuwe Testament lees ons dat die plaaslike gemeente die basis was waarvandaan wêreldevangelisasie gedoen is (vgl. Hand 13:2-3), en dat sendelinge soos Paulus en Barnabas aan hulle plaaslike gemeente terugvoer gegee het na elke sendingreis (vgl. Hand 14:27-28). Wat meer is, die meeste plaaslike gemeentes beskik oor meer as genoeg hulpbronne om in byna al die behoeftes van sendelinge te voorsien. Om die waarheid te sê, as dit by morele, pastorale, gebeds-, logistieke, finansiële, kommunikasie- en hertoetrede-ondersteuning kom, is die meeste plaaslike gemeente beter toegerus om die nodige ondersteuning te bied as die meeste sendingorganisasies!

-
Natuurlik is daar areas waarin sendingorganisasies beter toegerus is, soos skakeling met kerke, regerings en ander organisasies - want hulle het meer ondervinding! Tog moet die plaaslike gemeente aangemoedig word om self soveel as moontlik van die verantwoordelikheid vir die ondersteuning van sendelinge te aanvaar.

Wêreldevangelisasie moet as 'n onlosmaaklike deel van die totale bediening van die plaaslike gemeente gesien word. Die uitstuur van 'n sendeling as 'n verlenging van die gemeente se bediening bring dus 'n baie groot verantwoordelikheid mee.

Sendelinge leef onder geweldige spanning. Hulle bedien dikwels in omstandighede wat hoegenaamd nie ideaal is nie, met ondersteuning wat veel te wense oorlaat. Omdat hulle dikwels in die frontlinie van die aanslag teen die koninkryk van die duisternis is, is hulle ook onder 'n geweldige geestelike aanslag. Indien die sturende gemeentes nie volle verantwoordelikheid vir hierdie sendelinge aanvaar nie, sal hulle nie in staat wees om op die lange duur staande te bly nie.

Gedurende die Falkland-oorlog het die Argentynse militêre leiers baie Argentynse soldate op die Falkland-Eilande geplaas om dit te beset. Hierdie soldate was nie goed opgelei nie en swak

toegerus. Hulle het ook nie die nodige logistieke ondersteuning wat 'n operasie van so 'n aard benodig, ontvang nie.

Die Eilande behoort wettiglik aan Groot-Brittanje, wat dan ook troepe na die Eilande gestuur het om dit te ontset. Die Britse soldate was goed opgelei en alhoewel die Eilande duisende kilometer van Groot Brittanje was, het die Britse Vloot merkwaardig goeie logistieke ondersteuning verleen. Die Britse soldate se moraal was ook baie beter as die van die Argentyne. Alhoewel die Britte in getalle deur die Argentyne oorskadu is, was die Britte in staat om die Argentynse magte binne enkele weke te oorrompel, met groot lewensverlies aan die Argentynse kant.

Na die oorlog is die Argentynse president en twee lede van sy militêre regering voor die hof gedaag en skuldig bevind op aanklag van nalatigheid tydens die oorlog. Hulle is tot 12 jaar gevangenisstraf elk gevonnis.
Doen ons nie dieselfde as ons sendelinge op die frontlinie van die geveg teen die koninkryk van die duisternis plaas en dan faal om hulle die nodige ondersteuning te gee nie? Sal die Here nie die kerkleiers en lidmate verantwoordelik hou vir ons sendelinge se welstand nie?

Deur om te sien na ons sendelinge se behoeftes, en deur hulle te ondersteun op alle ander vlakke waar hulle sorg benodig, stel ons hulle in staat om baie meer effektief te wees in die bediening waarvoor God hulle geroep het. Alles in ag genome, is dit tog nie hulle bediening waarin hulle betrokke is nie. Dit is ons bediening. Hulle mag wel die "infanteriste" van God se koninkryk wees, maar die wat hulle ondersteun, is net soveel deel van God se weermag. Ons is almal gelyke vernote in God se koninkryk.

Een manier om te verseker dat sendelinge goed versorg word, is om 'n ondersteuningspan vir elke sendelinggesin te organiseer, met een persoon van die span verantwoordelik vir elke aspek of portefeulje van sendelingversorging. Hierdie span word bymekaar gehou deur 'n ondersteuningspan-koördineerder of -advokaat- iemand wat die sendelinggesin op elke komitee verteenwoordig en hulle bediening aan die gemeente bekendstel. Sodoende stel 'n effektiewe ondersteuningspan die sendeling as verlengstuk van die gemeente in staat om die gemeente se bediening te vervul.

## Ons kan 'n ondersteuningspan grafies so voorstel:

Een van die groot uitdagings waarvoor ons te staan gaan kom in die proses om ondersteuningspanne in ons gemeentes tot stand te bring, is om dit reg te kry dat gemeentelede in die idee sal "inkoop" en betrokke sal raak. Hier is 'n paar, voorbeelde van wat ons kan doen om die gemeente te betrek:

1. Die ondersteuningspan-koördineerders kry die geleentheid om in die kerk te praat.
2. Gebruik elektroniese borde/transparante in die kerk om inligting oor sendelinge (en hul gesinne) deur te gee.
3. Doen 'n rollespel in die kerk om die gemeente se sendingbetrokkenheid uit te beeld of die sendeling se omstandighede en bediening toe te lig.
4. Maak ‘n wêreldkaart met foto's van die sendelinge en sit dit op 'n geskikte plek in die kerk, saam met ‘n foto van hul ondersteuningspan uit die gemeente.
5. Doen 'n vasvra oor die land, kultuur en volksgroepe waar die sendelinge werk. Dit kan byvoorbeeld gebruik word om die jeug te betrek.
6. Kleingroepe (bv. selgroepe/bybelstudiegroepe/jeuggroepe, ens.) binne die gemeente kan 'n sendeling (enkel of gesin) aanneem.

# Portefeuljes in 'n ondersteuningspan

Soos hierbo genoem is elke lid van 'n ondersteuningspan verantwoordelik vir 'n spesifieke aspek of aspekte van die ondersteuning van 'n sendeling. Kom ons kyk dan nou van naderby na die verskillende portefeuljes wat ons in 'n ondersteuningspan kan hê. Daar kan natuurlik meer of minder wees, afhangende van die behoeftes. Aan die einde van elke portefeulje het ons 'n lys met idees ingesluit - net om julle aan die gang te kry. Dit is beslis nie volledig nie en met 'n bietjie kreatiewe denke kan julle met nog baie meer goeie idees vorendag kom.

# Morele ondersteuning

Morele ondersteuning is die basis van die hele ondersteuning-stelsel. Dit is so belangrik dat dit nie net as 'n aparte portefeulje behandel word nie. Dit is deel van elke portefeulje.
Die term het te doen met die moraal van sendelinge. "Moraal" is 'n militêre term en beteken "moed en uithouvermoë in gepaardgaande uitputting en gevaar, spesifiek van troepe in oorlog." Morele ondersteuning in wêreldevangelisasie beteken om op so 'n manier op te tree teenoor die wat in die hewigste geestelike geveg is, dat hulle bemoedig word deur ons aksies. Ons vind 'n goeie voorbeeld van morele ondersteuning in 2 Korintiërs 7:4-7 en 13 waar Paulus aan die gemeente in Korinte skryf: “Ek is baie openhartig met julle; ek is ook baie trots op julle.
In al ons sorge is ek vol moed en oorstelp van blydskap. Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buiteonenigheid, van binne sorge. Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus, en nie net deur sy koms nie, maar ook omdat julle hom opgebeur het. Hy het vertel van julle begeerte om ons te sien, en dat julle jammer is oor wat gebeur het en my nou ywerig verdedig. Dit alles het my nog blyer gemaak. Juis daarom is ons nou so bly. Ons is nie net bemoedig nie, maar ook besonder bly dat Titus so gelukkig is: julle almal het hom gemoedsrus gegee.”

Paulus was ontmoedig, hy was moeg, hy het vrees in sy gemoed ervaar en konflik van buite. Maar omdat die gemeente in Korinte Titus bemoedig het, en Titus op sy beurt weer vir Paulus bemoedig het, is Paulus se gees verkwik. Morele ondersteuning gaan oor bemoediging. Dit is waarom elkeen in die kerk betrokke kan wees in hierdie deel van ondersteuning omdat elkeen 'n sendeling in woord en daad kan bemoedig. Dit kan so eenvoudig wees soos "Mag die Here jou seën", of "Ons is saam met jou opgewonde oor jou bediening!" Dit is liefde in aksie. Dit is waarom Paulus aan Filemon gesê het (Filem. 1:7): "Jou liefde het vir my groot vreugde en bemoediging gebring, omdat jy, broer, die harte van die gelowiges verkwik het."

N i e net Paulus is deur Filemon se liefde bemoedig nie, maar ook die ander gelowiges.
Morele ondersteuning moet egter nie net van individue in die gemeente kom nie. Die hele gemeente kan baie doen om hul sendeling te bemoedig. Dit kan 'n positiewe gesindheid wees wat die sendeling bemoedig, of iets daadwerkliks wat hulle prakties doen. Selfs iets eenvoudigs soos om die sendeling met handoplegging en gebed uit te stuur, kan baie bemoedigend wees.

‘n Ander manier waardeur 'n sendeling bemoedig kan word, is deur hom deel van die bedieningspan van die gemeente te maak (personeellid of geestelike werker). As hy georden kan word, maak hom 'n predikant/pastoor van die gemeente met 'n spesiale portefeulje - soos 'n sendingleraar wat 'n spesifieke bevolkingsgroep bedien. Dit is belangrik dat die gemeente eienaarskap van die sendeling en sy bediening sal aanvaar. Dit is net so belangrik dat die sendeling deel van die plaaslike gemeente moet voel.

Aan die ander kant is daar honderde onbedagsame maniere waarop mense 'n sendeling ontmoedig. Dit kan 'n kritiese gesindheid wees weerspieël word in ‘n vraag soos "Hoekom moet jy so gaan om sendingwerk te doen? Wat van al die nood hier om ons?" Of dit kan 'n negatiewe gesindheid wees dat die gemeente se leierskap bang is dat die sendingprojek die gemeente se begroting negatief sal beïnvloed.

Een aspek van morele ondersteuning wat dikwels in die plaaslike gemeente oor hoof gesien word, is om die gemeente te identifiseer wat die van sendeling ontvang het en wat deur die Heilige Gees as sendeling toegerus is. In enige gesonde gemeente sal daar lidmate wees wat die Heilige Gees as sendelinge toegerus is, maar dikwels het hulle nog nooit die geleentheid gehad om hulle gawes te ontdek, te ontwikkel en uit te leef nie. Dit is die verantwoordelikheid van die leierskap van die gemeente (saam met diegene wat vir wêreldevangelisasie verantwoordelik is) om die inisiatief te neem om lidmate te identifiseer wat die gawe van sendelingskap het. Een van die beste maniere om dit te doen, is te lei op hoe iemand in die gemeente in 'n wêreldevangelisasie-konteks funksioneer, en om op kortuitreike te stuur.

Let tog daarop dat 'n sendeling nie slegs daar ver "op die sendingveld" hoef te bedien nie! Soms is dit nodig dat hy in die "gemeente wat hom uitstuur" ook 'n bedieningsgeleentheid sal kry, sodat by die insigte wat by in sy kruiskulturele bediening verkry het, ook daar kan terugploeg (vgl. bv. Paulus in Hand 14:27-28).

# Praktiese riglyne vir morele ondersteuning

1. Bemoedig sendeling deur persoonlike gesprekke of kommunikasie. 'n Paar woorde soos: "Mag die Here jou seën", of "Ons is saam met jou opgewonde en bid vir jou" kan baie bemoedigend wees.
2. Gee persoonlike gebedsversoeke deur aan jul sendeling. Onthou jul sendeling wil graag ook vir julle intree.
3. Laat jul sendeling deel voel van die gemeente. Vertel gereeld vir hom wat in die gemeente gebeur.
4. Besoek sendeling op die veld en gee terugvoering aan die gemeente.
5. Teken sendeling in op 'n paar tydskrifte. Nuustydskrifte soos "Time Magazine" sal hom op hoogte hou van wat in die wêreld gebeur. So ook "Readers Digest". Dit kan verpersoonlik word deur verskillende persone te vra om verskillende tydskrifte te borg.

## 1. Pastorale ondersteuning

Miskien is die belangrikste deel van morele ondersteuning om aan julle sendeling die pastorale sorg te gee wat by nodig het om geestelik te groei. Die doel van pastorale versorging is om te verseker dat die sendeling (en sy gesin, as hy getroud is) ontwikkel en geestelik groei. Dit beteken ons moet verseker dat die sendeling die nodige "fellowship" met ander gelowiges het en genoeg tyd en geleentheid het om die Woord te bestudeer en geestelik te groei. Een van die faktore wat rol speel by die voortydige terugkeer van sendelinge is juis dat die sendelinge nie gereelde stiltetyd hou nie.
Enigeen wat die gawe van herderskap het, kan hierdie portefeulje van pastorale sorg vul. Hy of sy het nie 'n graad in teologie nodig nie, maar moet 'n hart vir mense hê. Barnabas was so 'n persoon. Moontlik is dit waarom hy en Paulus aanvanklik as 'n span uitgestuur is.

Onthou net dat die sendeling as mens - saam met sy gesin - versorg moet word. Moet ook nie van die geestelike behoeftes van die sendeling-kinders vergeet nie.

## Praktiese riglyne vir pastorale ondersteuning

1. Deel met jul sendeling wat die Here in jou lewe doen, "Dit is wat die Here die afgelope tyd in my stiltetyd vir my sê" of "Dit het my geraak in die preek/Bybelstudie/ selgroep."
2. Stuur goeie preke op kasset vir sendeling. Sluit sommige van jul eie gemeente in, maar stuur ook ander boodskappe wat opbouend is, goeie lering het of net bemoedigend is. Sendelinge gee gedurig in hulle bediening, en het 'n dringende behoefte om self geestelik versterk en bemoedig word.
3. Sendelinge is uit voeling met die nuutste geestelike boeke wat gepubliseer word. Kry iemand - of miskien 'n boekwinkel - wat op datum is met die boekemark en stuur boekresensies vir, jul sendeling. Laat sendeling toe om vir homself te besluit watter boek hy wil hê, maar koop dit dan vir hom aan. Moontlik kan mense in die gemeente betrek word om boeke van die sendeling se keuse te koop. Solank die persone verantwoordelik vir pastorale versorging net rekord hou van watter boeke gestuur word, om sodoende duplikasie te voorkom.
4. Moedig 'n paar mense met e-posfasiliteite aan om 'n Bybelstudie per e-pos met jul sendeling aan te knoop. (Dit is nou as hy nie in 'n sensitiewe area werk nie!)
5. As daar ander sendelinge in die area werk, moedig jul sendeling aan om "fellowship" met hulle te hê. Skryf ook aan die ander sendelinge en bou 'n vertrouensverhouding met hulle op, sodat julle ook van hulle kan hoor hoe dit met jul sendeling gaan. Dit is nie om op jul sendeling te spioeneer nie, maar om eerstehandse terugvoer van die veld te kry. Julle hoef nie noodwendig formeel van hulle inligting te vra nie. As julle 'n positiewe verhouding met hulle gebou het, sal hulle met jul kommunikeer soos en wanneer nodig.
6. Vind uit van watter tipe geestelike musiek jul sendeling hou en stuur 'n kasset of CD waar moontlik.
7. Wees op die uitkyk vir goeie geestelike video's wat jul sendeling sal geniet.

## 2. Bedieningsondersteuning

Die doel van wêreldevangelisasie is mense na Jesus Christus te lei, dissipels van Hom te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy ons beveel het. Maar om kruiskultureel dissipels te maak, is nie 'n maklike taak nie. Dit is nodig dat sendelinge op 'n verstandige manier die nuwe gelowiges sal help om die waarhede van die Woord binne hul eie kultuur toe te pas, en nie net Westerse Christenskap te probeer dupliseer nie.

Dit is hoekom dit nodig is dat julle jul sendeling die nodige bedieningsondersteuning sal bied sodat hy sy bedieningsdoelstellings kan bereik. Vind soveel as moontlik oor wat jou sendeling se bediening is. Hoe kan julle hom ondersteun? Het hy toepaslike dissipelskapsmateriaal? Is daar ander mense op die veld of in soortgelyke bedienings wat vir hom ondersteuning kan bied? Indien julle sendeling saam met 'n ander sendingorganisasie werk, is dit belangrik dat daar noue samewerking op veral hierdie terrein is tussen die sendeling, sturende gemeente en sendingorganisasie.

Die bedieningsondersteunings-koördineerder is die persoon wat vir hierdie deel van die ondersteuning verantwoordelik is. In 'n neutedop is sy taak om die sendeling te help om sy bedieningsdoelwitte op die veld te bereik.

## Praktiese riglyne vir bedieningsondersteuning

1. Teken jul sendeling in op 'n paar tydskrifte. Teologiese tydskrifte, soos "Evangelical Missions Quarterly" kan 'n goeie begin wees. Dit kan meer persoonlik gemaak word deur verskillende persone te vra om verskillende tydskrifte te borg.
2. Maak seker dat by tydens tuisbesoeke die nodige verdere opleiding en blootstelling ontvang om hom verder toe te rus vir sy bediening.

## 3. Logistieke ondersteuning

"Logistiek" is weer eens 'n militêre term. Dit beteken die "Wetenskap wat hom besighou met beplanning, ten uitvoerbringing, berekening van militêre aksies, voorsiening van voorrade op die doeltreffendste wyse sodat troepe onder gunstige omstandighede kan veg; berekenings i.v.m. die verplasing en inkwartiering van troepe." (Odendal, 1994: 625)

Die wese van logistieke ondersteuning soos dit in sendingverband gebruik word, is om vir mekaar te sorg in die liggaam van Christus. In I Korintiërs 12:24b-25 lees ons: "God het die liggaam so saamgestel dat ... nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra."

Daar is soveel dinge wat deur 'n ondersteuningspan gedoen kan word. Feit is net dat dit 'n radikale verskil vir 'n sendeling maak as hy weet dat by 'n ondersteuningspan het wat hy kan vertrou om al daardie honderde klein dingetjies wat die lewe so moeilik kan maak, te hanteer. Dit kan deur 'n logistieke koördineerder hanteer word. Terselfdertyd kan 'n skakelpersoon met 'n beroepsondersteuningsgroep (indien dit bestaan) baie help, terwyl 'n mediese adviseur die nodige mediese ondersteuning kan bied.
Ons noem weer 'n paar praktiese riglyne, maar julle sal sien dat dit slegs voorbeelde is en dat die lys ad infinitum uitgebrei kan word.

# Praktiese riglyne vir logistieke ondersteuning

## 1. Bedieningsbehoeftes:

1.1 Vra watter hulpmiddels jul sendeling benodig vir sy bediening soos Bybels, literatuur en filmprojektors.
1.2 Help met die aankoop en vervoer van die hulpmiddels na die veld. (In sommige gevalle is dit beter om Bybels op die veld aan te koop. Stel fondse beskikbaar sodat jul sendeling die aankope kan doen).

## 2. Gesinsbehoeftes:

2.1 As jul sendeling hul kinders tuisonderrig gee, kan 'n skakelpersoon tussen hulle en ' n skool of die onderwysdepartement nodig wees om hulle te help om hulp- en onderrigmiddele in die hande te kry.
2.2 Bied 'n tweede tuiste vir kinders wat op kosskool of universiteit is.
2.3 Besoek en versorg jul sendeling se bejaarde ouers of familie wat hier tuis is.
2.4 Iemand kan ook gevra word om jul sendeling se kinders aan te neem in geval van dood.
2.5 Stuur geskikte video's en boeke vir die kinders.
2.6 Vind uit van watter tipe musiek (behalwe geestelik) jul sendeling hou en stuur CD's of kassette waar moontlik.
2.7 Vind uit van watter tydskrifte (behalwe geestelik) jul sendeling hou en stuur van sy gunstelinge.

## 3. Mediese behoeftes:

3.1 Identifiseer iemand wat jul sendeling sal help om 'n mediese tas saam te stel. Die persoon, soos 'n huisdokter, kan ook die sendeling se mediese adviseur wees.
3.2 Maak seker dat jul sendeling deur 'n mediese skema of mediese versekering gedek word en dra by tot 'n pensionfonds.

## 4. Materiële behoeftes:

4.1 Sorg vir die vervoer van jul sendeling se persoonlike besittings na en vanaf die veld waar hy bedien.
4.2 Reël vir stoorplek vir jul sendeling se besittings wat hy nie kan of wil saamneem nie.
4.3 Stuur voorrade of benodigdhede na die veld of pas 'n voertuig op wat nie voor sy vertrek verkoop is nie.

## 4. Gebedsondersteuning

Dit was Tennyson wat gesê het: "Meer dinge kom deur gebed tot stand as wat hierdie wêreld van droom" en Augustinus: "Sonder God kan ons nie, maar sonder ons wil God nie."
Soms kan God ons net nie toelaat om sonder gebed sukses te behaal nie - want sou Hy dit doen, sal ons die indruk kry dat ons dinge deur ons eie krag kan doen, en dit sal ons hoogmoedig maak. God het uit sy eie, vrye wil gekies om ons sy medewerkers in sy koninkryk te maak. Hy het verkies om ons die geleentheid te gee om by sy werk betrokke te wees deur gebed - sodat ons in die meegaande seën kan deel.
Gebed beteken nie dat ons God smeek om iets te doen wat Hy nie eintlik wil doen nie. Nee, dit beteken eerder om die oorwinning wat Christus reeds behaal het, op Satan af te dwing. Gebed is effektiewe en vurige kommunikasie - in lyn met sy wil - met die Skepper van die ganse wêreld, wat die magsbalans in die verloop van wêreldgebeure bepaal.
In Efesiërs 6 praat Paulus van die "wapenrusting van God." Die wapenrusting wat hy noem, is op verdediging ingestel, buiten twee wapens wat vir aanval bedoel is: "die swaard van die Gees, dit is die woord van God" en gebed:
"Doen dit alles biddend en smeek God bv. elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. "(v. 18) Dit is nodig dat iemand gebedsversoeke by die sendelinge sal kry en dit aan voorbidders sal deurgee. Dit is die verantwoordelikheid van die gebedskoördineerder. As die inligting wat hy deurgee lewendig gehou word, met vars nuus en interessante stories, nuusbrokkies, foto's en sketse, sal mense getrou bid. Dit is waarom ' n kreatiewe persoon hier benodig word. Indien julle sendeling in 'n sensitiewe area werk, wees asb. versigtig wanneer inligting kleurgegee word, beide aan die sendeling en die gemeente.

## Praktiese riglyne vir gebedsondersteuning

1. Bid spesifiek vir elke sendelinggesin - nie net vir die gesin in sy geheel nie, maar ook vir elke individu in die gesin.
2. Kies 'n "sendeling vir die maand" of "sendeling vir die week" en bid vir hom in al die dienste, die kinderkerk, gebedsbyeenkomste, kategese/Sondagskool, ens. Maak gebruik van oorhoofse transparante met inligting tydens eredienste en iemand wat dit toelig.
3. Noem spesifieke behoeftes van die sendeling in die afkondigings. Onthou net dat persoonlike en sensitiewe sake konfidensieel hanteer moet word en nie sonder toestemming aan die groter gemeente deurgegee moet word nie.
4. Noem spesifieke gebedsversoeke (soos gesondheidsprobleme en uitdagings in die bediening) aan groepe, soos selgroepe en jeuggroepe.
5. Moedig individue aan om by die huis te bid vir die sendelinge en hulle gesinne.
6. Identifiseer met jou sendeling. As jy eensaam is, bid vir jou sendeling om eensaamheid te oorwin; wanneer jy ontmoedig is, bid vir jou sendeling om bemoedig te word; en as jy bly is, verbly jou saam met jou sendeling oor suksesse wat hy behaal het.

7. Helder gebedsbyeenkomste vir sendelinge op met interessante inligting, kaarte, foto's, stories, speletjies - wees kreatief!

## 5.Kommunikasie-ondersteuning

Dit is nie genoeg om net vir sendelinge te bid nie. Dit is ook nodig dat jy hulle sal vertel dat jy vir hulle bid - en selfs wat jy vir hulle bid, want dan sal hulle nog boonop daardeur bemoedig word. En wat meer is: hulle kan die brief oor en oor lees en telkens bemoedig word!

Goeie kommunikasie kom van twee rigtings af. Dit is nie regverdig om die totale verantwoordelikheid vir kommunikasie op die sendeling te plaas nie. Dit is noodsaaklik dat die gemeente van hulle kant af soveel as moontlik inligting oor hul sendeling en die omstandighede waaronder hy werk, sal inwin. Dit beteken die gemeente moet die nodige doen om 'n akkurate, realistiese, eerstehandse verslag te kry van wat met hul sendeling gebeur, daar waar hy bedien. En is daar enige beter manier as om self te gaan, of iemand anders uit die gemeente te stuur? Dikwels kan blootstelling van die besluitnemers in 'n gemeente, soos die predikant/pastoor of voorsitter van die sendingkomitee of -raad, 'n radikale verskil maak! Aan die ander kant is dit noodsaaklik dat die sendeling ook van sy kant gereeld inligting aan die ondersteuningspan sal deurgee. Dit is dus 'n tweerigting-kommunikasiekanaal wat geskep en in stand gehou moet word.
Daar is 'n magdom ander maniere om met jul sendeling te kommunikeer. Dit kan 'n video-opname wees met boodskappe van mense tuis of 'n opname van waar die sendeling bedien (wat die gemeente kan inisieer deur iemand oor te stuur om die video te maak), of 'n oudio-kasset, foto's, e-pos (wat deesdae noodsaaklik is, as dit op die veld moontlik is) of selfs 'n pakkie om te wys dat julle omgee.
Dit is ook belangrik dat die ondersteuningspan op hoogte sal wees van die land en mense waar die sendeling werk. Inligting oor die kultuur, volksgroepe en minder bereikte groepe in die spesifieke land of landstreek moet voortdurend ingewin en aan die ondersteuningspan deurgegee word.
'n Baie belangrike deel van kommunikasie met die gemeente en ander ondersteuners, is 'n gereelde nuusbrief van jul sendeling. 'n Kommunikasiekoördineerder kan verseker dat hierdie nuusbrief versprei word, 'n adreslys op datum hou en verseker dat kommunikasiekanale oop gehou word. As ander gemeentes of sendingorganisasies betrokke is, kan hy ook verseker dat hulle verteenwoordigers op die ondersteuningspan het.

## Praktiese riglyne vir kommunikasie-ondersteuning

1. Kommunikeer gereeld met jul sendeling. Vertel hom dat julle vir hom bid.
2. Versprei jul sendeling se nuusbrief.
3. Hou jul sendeling se adreslys op datum.
4. Gebruik 'n aansteekbord om foto's en inligting van jul sendeling aan die gemeente deur te gee. Plaas briewe van jul sendeling op ' n opsigtelike plek in die kerk vir enigiemand in die gemeente om te lees.
5. Besoek jul sendeling op die veld. Stuur diegene verantwoordelik vir wêreldevangelisasie, insluitend die predikant/pastoor, op gereelde besoeke na jul sendeling vir bemoediging en sodat beide kante eerstehandse inligting kan bekom.
6. Neem interessante dinge op video en stuur dit vir jul sendeling. Laat jul sendeling ook dinge op video opneem en dit na julle stuur. (As jul sendeling me ' n videokamera het nie, mag julle dit natuurlik oorweeg om een vir hom te koop.)
7. Onthou sendelinge en hulle kinders se verjaarsdae en huweliksherdenkings.
8. Onthou jul sendeling oor Kerstyd en stuur 'n pakkie -of 'n geskenk of geld. (Moenie vergeet om seker te maak wat doeaneregulasies is nie, sodat daar nie 'n situasie ontstaan waar die

sendeling meer moet betaal as die waarde van die geskenk nie. Dit gebeur! En stuur dit betyds - in sommige lande neem pos meer as 6 maande!) Moenie eers daaraan dink om gebruikte klere of enigiets anders wat reeds gebruik is, aan te stuur nie.

9. Verskaf skryfbehoeftes aan gemeentelede (soos aërogramme) en laat hulle dan briewe vir jul sendeling skryf.
10. Stuur die gemeentebulletin aan jul sendeling, as die gemeentebulletin verpersoonlik word met verjaarsdae, huweliksherdenkings en ander bruikbare informasie.
11. Vra 'n persoon in die gemeente om 'n bydrae te maak spesifiek vir telefoonkostes, sodat jul sendeling sy vriende en familie in sy eie land kan bel.
12. Maak seker dat jul sendeling die nuutste uitgawes van die gemeente se adres- en telefoonlys het.
13. Stel 'n "sendeling-gids" wat relevante inligting oor jul sendelinge bevat, beskikbaar vir gemeentelede. Dit kan dinge insluit soos geboortedatums, huweliksherdenking, belangstellings en gereelde gebedsitems.
14. Reël vir 'n telefoonoproep na jul sendeling tydens 'n sendingkonferensie en saai dit oor die luidsprekerstelsel uit, sodat die hele gemeente dit kan hoor.
15. Plaas 'n wêreldkaart op 'n prominente plek in die kerk. Heg foto's van jul sendelinge daaraan vas wat wys waar hulle leef en werk.
16. Maak 'n plakkaat met foto's en inligting wat op 'n prominente plek in die kerk geplaas kan word.
17. Maak sleutelhouers, yskasmagnete, boekmerke, kalenders, ens. met foto's van jul sendelinge daarop en versprei dit in die gemeente.
18. Stel 'n inligtingspamflet saam oor die bediening van jul sendeling wat in die gemeente versprei kan word.
19. Stel 'n inligtingsleer oor die land, geografie, kultuur, volksgroepe en minder bereikte groepe in die area waar die sendeling werk, saam. Voeg voortdurend nuwe inligting by.
20. Moedig sakemanne aan om sendelinge te besoek terwyl hulle op buitelandse reise is.

## 6. Finansiele ondersteuning

Finansiële ondersteuning is seker die area waaroor meer gepraat word as enige van die ander ondersteuningsareas. Om die waarheid te sê, as die meeste mense van sendingondersteuning praat, dink hulle gewoonlik net aan finansies en gebed.

Daar is min dinge wat 'n sendeling so ontmoedig as juis om finansieel te sukkel. Ons moet in so 'n mate vir ons sendelinge sorg dat hul finansies nie deel van hulle stryd is nie, maar deel van hulle oorwinning. Een van die grootste denominasionele sendingoganisasie is die Southern Baptists se "International Missions Board." Een van die hoofredes vir hulle sukses is juis die feit dat hulle hul sendelinge so goed versorg. Hulle beleid is dat 'n sendeling op dieselfde salarisskaal moet wees as enige gemiddelde "Southern Baptist"- predikant in die Verenigde State van Amerika.
Maar selfs dit het teen 'n duur prys gekom. Lottie Moon was ' n vroeë "Southern Baptist"- sendeling wat jare lank in China gewerk het. Sy het in 1912 van honger gesterf omdat sy me genoeg fondse gehad het nie en sy dit wat sy gehad het vir die mense om haar gegee het. Sy het 'n leidende rol gespeel in die stigting van 'n spesiale fonds vir sending in 1888, wat vandag nog bestaan.
Min sendelinge is bereid om direk te sê dat hulle finansieel sukkel. Dit is dus die verantwoordelikheid van die sturende gemeente om 'n vergelykende studie te doen om uit te vind wat die lewenskoste is in die land waar die sendeling werk, en hoeveel hy regtig nodig het om te oorleef - en nog 'n bietjie meer.
Fondsinsameling is natuurlik 'n belangrike aspek van finansiële ondersteuning. Dit kan “101 maniere om geld vir sending in te samel" insluit- van basaars tot "sente vir sending." Fondsinsameling word egter nie hier in detail bespreek nie. Die feit bly, as Christene ernstig is oor tiendes, sal al die ander

maniere van geld insamel grotendeels oorbodig wees. Nie dat dit noodwendig verkeerd is nie! Wat nodig is, is dat Christene wat werklik ernstig is oor wêreldevangelisasie, 'n eenvoudiger lewenstyl sal handhaaf om meer vir die koninkryk van God beskikbaar te stel. Dit beteken nie ons hoef soos bedelaars te lewe nie. Somtyds beteken dit wel dat ons die goedkoopste item sal koop waarmee die taak gedoen kan word - sodat die een of ander sendeling nie soos 'n bedelaar hoef te lewe nie! Met ander woorde, vermy statussimbole.

Daar is egter baie meer aan finansiële ondersteuning as om net die nodige befondsing te kry. Daardie fondse moet bestuur word; daar moet met banke onderhandel word en die betrokke persone moet op hoogte wees van valutabeheer-regulasies. Daar moet miskien selfs na belasting in Suid-Afrika en die land waar die sendeling werk, omgesien word, of miskien moet 'n huis vir 'n sendeling verhuur word!

Finansiële ondersteuning sluit ook in dat die sendingorganisasie, die sturende gemeente en die sendeling aan mekaar rekenskap sal gee oor die beskikbaarheid om besteding van fondse. 'n Finansiële koordineerder, fondsinsamelings koördineerder, finansiële adviseur en boekhouer kan verseker dat sendelinge finansieel goed versorg is, sodat hulle hul tyd en energie onverdeeld op hul bediening kan fokus.

## Praktiese riglyne vir finansiële ondersteuning

1. Dit is soms beter om nie die sendeling se ondersteuning deel van die gemeente se begroting te maak nie. Moedig lidmate aan om op te offer en by te dra tot die sendeling se bediening - bo en behalwe hulle normale tiende. Dit word die Geloofsbelofte-offer genoem. Dit help om gemeentelede deel te laat voel van die sendeling se bediening, om eienaarskap te neem en te verseker dat hulle volle bydrae vir wêreldevangelisasie direk gebruik word vir die doel waarvoor dit geoormerk is. Julle sal ook vind dat as gemeentelede besef al hulle bydraes gaan nie om die gemeentestruktuur te onderhou nie, sal hulle meer gewillig en geredelik tot die gemeente bydra.
   Stel gereeld saam met die sendeling 'n begroting vir sy persoonlike sowel as bedieningsbehoeftes op. Die volgende is moontlike uitgawes wat in berekening gebring moet word. Dit sal wissel afhangende van jul sendeling se omstandighede:

<u>Maandelikse Uitgawes:</u>

Vervoer
Verblyf
Water & elektrisiteit Telefoon, faks, e-pos
Persoonlik (kos, klere, ens.)
Pensioen/versekering
Mediese skema

<u>Jaarlikse uitgawes:</u>
Vervoerkoste vir tuisbesoek
*Addisionele uitgawes tydens tuisbesoek, bo en behalwe maandelikse uitgawes:*
Vakansiereëlings en –onkostes
Belastingverpligtinge
Diens en instandhouding van voertuie

3. Maak seker dat daar voorsiening gemaak word vir 'n mediese en pensioenfonds vir jul sendeling.
4. Tree as skakelpersoon op om sake soos banksake, buitelandse valuta en versekering vir jul sendeling te reël.
5. Vind uit wat jul sendeling se belastingverpligtinge in Suid-Afrika en die buiteland is.

6. Wat van 'n sending tema vir Kersfees en dan 'n spesiale bydrae vir sending - spesifiek vir jul sendelinge? Is Jesus dan nie deur die Vader "gestuur" nie, met ander woorde die Groot Sendeling nie?

## 7.Beroepsondersteuning

Daar is 'n al groter klem op "tentmaker" sendingwerk. Dit is wanneer 'n sendeling mense gaan bedien deur sy "sekulêre" beroep - en dan 'n getuie is soos en waar die Here die geleentheid gee. Hierdie model van sendingwerk is veral strategies in lande wat nie konvensionele sendelinge toelaat nie.
Omtrent enige beroep kan van nut wees in hierdie strategie: onderwyser, ingenieur, dokter, boer, sakeman of verpleegkundige. 'n Sendeling in so 'n bediening mag 'n groep mense nodig hê wat in dieselfde beroep staan, om hom beroepsgewys te ondersteun. As julle byvoorbeeld 'n ingenieur op die veld het, mag hy op 'n sekere tydstip baie spesifieke tegniese inligting benodig. 'n Groep ingenieurs kan hom dan help om die inligting te bekom, of hom net oor die algemeen ondersteun. 'n Onderwyser op die veld mag inligting nodig hê oor leerplanne of materiaal benodig. 'n Groep onderwysers hier plaaslik kan van groot hulp wees om hiermee te help. So 'n beroepsgerigte ondersteuningsgroep word soms 'n belangegroep genoem.

## Praktiese riglyne vir beroepsondersteuning

1. Kundiges hier plaaslik kan 'n belangegroep vorm wat die sendeling met advies kan bedien vir byvoorbeeld 'n landbou- of onderwysprojek.
2. Iemand wat in dieselfde beroep as jul sendeling staan, kan as skakelpersoon optree tussen die sendeling en sy belangegroep.
3. Kundiges kan vir 'n kort termyn op die veld gaan help byvoorbeeld met ' n bouprojek.

## 8. Hertoetrede-ondersteuning

Volgens ruimtevaarders is die gevaarlikste deel van 'n ruimtereis nie om in 'n wentelbaan opgeskiet te word nie, maar om deur die atmosfeer terug te keer aarde toe. Op dieselfde manier kan die hertoetrede na jou tuiskultuur die moeilikste, deel van enige kruiskulturele bediening wees. Dit is waar van beide 'n sendeling wat op tuisbesoek is, asook 'n sendeling wat permanent terugkeer, het sy weens praktiese redes, voortydig of om af te tree. Om "huis" toe te kom, is moeilik. Feit is, dit mag dalk glad nie vir die sendeling voel of hy "huis toe" kom nie. Die sendeling besef dat "huis" nie meer "tuis" is nie en die gasheerkultuur waar hy geleef en gewerk het, voel baie meer na sy huis. Dit lei daartoe dat die sendeling baie keer soos 'n vreemdeling in sy eie kultuur voel.
Hertoetrede word baiekeer nie as deel van die sendeling se bediening gesien nie en hy word dus nie tydens die hertoetrede-fase gesien as die gemeente of ondersteunersgroep se verantwoordelikheid nie. In ander gevalle bly ondersteuners steeds betrokke tydens hertoetrede, maar is nie voorbereid om die nodige sorg en begeleiding aan die sendeling te gee nie. Baiekeer is die sendeling self ook nie voorbereid op die eise wat hierdie fase aan hom stel nie. Maar die proses kan vergemaklik word as sendelinge, sending-organisasies en sturende gemeentes saamwerk om die proses op 'n verantwoordelike manier te bestuur.

Hertoetrede gaan omtrent altyd gepaard met omgekeerde kultuurskok en as dit nie met wysheid en sorg hanteer word nie, kan die gevolg 'n gewonde geestelike werker wees wat jare neem voordat hy sy optimum geestelike gesondheid herwin het. Dit mag ook gebeur dat iemand

so gewond en ontnugter word, dat hy nooit weer herstel nie. Om 'n sendeling uit te stuur, dra 'n baie groot verantwoordelikheid daarmee saam.

Hertoetrede is dus veel meer as net 'n terugkeer na die oue en bekende. Die sendeling word gekonfronteer met veranderinge wat op verskillende vlakke in sy lewe plaasgevind het: Die sendeling as mens het verander, sy familie en vriende het ,verander en die land het verander. Hierdie veranderinge en gepaardgaande aanpassing kan lei tot hoe vlakke van spanning. Gedurende hierdie tyd het die sendeling baie spesifieke sorg en begeleiding nodig. Sendelinge word gedwing om veranderinge in hulle selfkennis en waardes te konfronteer en dikwels ervaar hulle teleurstelling en gevoel van verlies.

Dis van groot belang dat die sendeling sowel as sy ondersteuners sal kennis dra van die normale reaksies wat 'n sendeling gedurende hertoetrede kan toon. Die sendeling is nie abnormaal as hy die volgende beleef nie: isolasie, skuldgevoelens, geestelike wroeging en mediese probleme. Sommige sendelinge wil onmiddellik weer terugkeer na die veld en dit is nodig dat daar met groot wysheid gevra sal word of dit op daardie tydstip God se wil is en of die persoon eers 'n tyd van rus en heraanpassing moet hê.
Daar is nie ' n vasgestelde tyd vir die proses van hertoetrede nie. Dit kan van 6 maande na 2 jaar duur-soms langer. Die belangrikste is egter dat die sendeling vorder op sy pad na integrasie, die eindpunt van hertoetrede. Integrasie het plaasgevind wanneer die sendeling homself as veranderde mens in sy tuiskultuur hervestig het en 'n nuwe rol binne sy bediening, gemeente en gemeenskap gevind het. Vir 'n sendeling wat met aftrede terugkeer, sal integrasie die punt wees waar hy homself sinvol besighou en terselfdertyd besef dat hy nog steeds 'n rol het om in sy gemeente en gemeenskap te speel.
Die sendeling het waardevolle ondervinding tydens sy tyd op die veld opgedoen. Hierdie ondervinding mag nie misgekyk of geïgnoreer word nie, maar moet effektief binne sy gemeente gebruik word.

# Praktiese riglyne vir hertoetrede-ondersteuning

Hertoetrede-ondersteuning kan in 3 fases verdeel word:
1. Voorbereiding
2. Aankoms van die sendeling
3. Opvolg

# 1. Voorbereiding

## 1.1 Voorbereiding van die sendeling

a. Waar moontlik, moet die hertoetrede-proses ten minste 3 tot 4 maande voordat die sendeling terugkeer, in persoonlike gesprekke met hom bespreek word, sodat hy homself daarvoor kan begin voorberei. Die persoon wat die gesprek voer, moes reeds self deur hertoetrede gegaan het. Indien persoonlike gesprekke nie moontlik is nie, maak seker dat die sendeling toegang het tot materiaal wat die proses van hertoetrede verduidelik.
b. Tref die nodige reëlings sodat die sendeling se huisinhoud en/of persoonlike besittings na Suid-Afrika vervoer kan word.
c. Gee inligting aan die sendeling deur oor moontlike skole waar die kinders kan inskakel, huidige pryse van goedere in Suid-Afrika en waar nodig, inligting oor werksmoontlikhede.

## 1.2 Voorbereiding van die ondersteuningspan

a. Nooi 'n sendeling wat reeds deur hertoetrede is om drie maande voordat die sendeling terugkom, met die ondersteuningspan te gesels oor hertoetrede. Volg die gesprek op met sessies waar die span materiaal oor die hertoetrede proses deurwerk.
b. Stel 'n plan van aksie op om in die onmiddellike behoeftes van die sendeling te voorsien wanneer

hy terugkom. Sluit aspekte in soos: vakansie akkommodasie, vervoer, verblyf, finansies en skoolopleiding vir die kinders.

## 2.Aankoms van die sendeling

a. Laat jou sendeling spesiaal voel! Verwelkom hom by die lughawe en/of huis.
b. Sorg dat die sendeling eers 'n tyd van rus het. Reël vir die onmiddellike praktiese behoeftes soos vervoer, basiese kruideniers- en toiletware vir die eerste paar dae se gebruik en 'n bedrag in kontant in Suid-Afrikaanse Rand indien die sendeling nie onmiddellik kan geld ruil nie.
c. Maak seker dat die gemeente vooraf weet dat by vir die eerste tyd rus en nie beskikbaar is vir optredes nie en maak een persoon verantwoordelik om gereeld kontak te maak en vas te stel of die sendeling ander behoeftes het.

## 3. Opvolg

Die opvolgfase begin wanneer die sendeling terugkeer van sy vakansie en sluit 5 areas in:

a. Praktiese hulp - aankope soos van 'n voertuig, vervoer, finansiële reëlings en mediese ondersoeke.
b. "Debriefing" - geleenthede moet geskep word waar die sendeling in 'n gemaklike gespreksituasie sonder druk kan praat oor wat hy op die veld beleef het. Let wel: Dit is nie terugvoer sessies nie.
c. Kwaliteit-tyd met ondersteuners - skep geleenthede waar die sendeling formeel en informeel binne die gemeente sy ervarings kan deel.
d. Spesiale sorg - wees bedag op probleemareas waar professionele sorg nodig is, byvoorbeeld emosionele probleme, huweliksprobleme en kinders wat buitengewoon moeilik aanpas.
e. Langtermynopvolg-wees geduldig. Hertoetrede is 'n proses en gebeur nie in een dag nie. Moenie die sendeling na ' n paar maande vergeet nie. Besoek hom gereeld en gee hulp waar nodig.

## Ondersteuningspan-koordineerder of advokaat

Uiteindelik moet iemand vir die totale ondersteuningsaksie verantwoordelikheid aanvaar. Iemand moet seker maak dat elkeen op die ondersteuningspan sy funksie verstaan en uitvoer. Dit moet egter nie outoritêr of rigied gedoen word nie.
Hierdie persoon moet omsien na die sendeling se belange en die sendeling verteenwoordig op elke vlak van die gemeentelewe en op vergaderings. Die ondersteuningspan - koordineerder vorm 'n noodsaaklike skakel tussen die sendeling en die gemeente. In die meeste gemeentes is daar baie mense wat begaafde bestuurders is of in bestuursvaardigheid opgelei is en hierdie funksie kan vervul.

## Samevatting

Kan julle julself voorstel wat sal gebeur as elke sendeling wat uitgestuur word, so 'n ondersteuningspan het wat goed funksioneer? Ons sal baie meer effektief wees, en baie beter rentmeesters wees van die bronne tot ons beskikking. Maar wat meer is, 'n groot groep gemeentelede wat nie na China of Malawi kan gaan as sendelinge nie, sal voel dat hulle hul beroepe en gawes kan gebruik om die koninkryk van God uit te brei "tot aan die uithoeke van die wêreld." Hulle sal entoesiasties word oor wêreldevangelisasie soos nog- nooit tevore nie!
Uiteindelik gaan dit oor spanwerk - onder die heerskappy van Christus - en is dit nie waaroor dit in die liggaam van Christus behoort te gaan nie? Die grootste behoefte van baie sendelinge wat terugkom huis toe, is opregte gemeenskap met gelowiges, en begrip. Hulle het medegelowiges

nodig wat opreg is en by wie hulle hulself kan wees. Wat is beter as 'n ondersteuningspan wat funksioneer as 'n ondersteunings-gemeenskap - as deel van die liggaam van Christus?
Kom ons werk saam om dit 'n werklikheid te maak in julle gemeente!
Hier volg 'n lys van moontlike lede van die ondersteuningspan. Elke portefeulje kan bestaan uit 'n individu of 'n span van twee of drie mense. Aan die ander kant is dit ook moontlik vir een persoon om verantwoordelik te wees vir meer as een portefeulje. Die belangrike ding is egter dat hulle as 'n span moet kan saamwerk.
Dit is daarom belangrik dat die groeplede baie tyd saam sal spandeer om net aan verhoudings te bou. Sosiale geleenthede soos 'n braai kan baie handig gebruik word om dit te bereik. As dit enigsins moontlik is, sal dit goed wees as daar alreeds aan onderlinge verhoudings gebou kan word voordat die sendeling na sy area van bediening vertrek.

Hier volg 'n lys van moontlike portefeuljes wat kan verseker dat julle sendeling effektief versorg kan word:
**Morele ondersteuning**
**Pastorale ondersteuning**
*Pastorale sorg*
**Bedieningsondersteuning**
*Bedieningkoördineerder*
**Logistieke ondersteuning**
*Logistieke koördineerder*
*Mediese adviseur*
**Gebedsondersteuning**
*Gebedskoördineerder*
**Kommunikasie-ondersteuning**
Kommunikasie-koördineerder
Verteenwoordigers van ander gemeentes wat by die sendeling betrokke is (indien enige)
Verteenwoordigers van die sendingorganisasie met wie die sendeling saamwerk (indien enige)

**Beroepsondersteuning**
Beroepskoördineerder
Persone wat in dieselfde beroep staan

**Hertoetrede-ondersteuning**
Tuisbesoek-koordineerder (indien die sendeling op deputasie en
tuisbesoek is)
Hertoetrede-koördinee rder (indien die sendeling permanent terugkeer)

**Samevattend**
Ondersteurtingspan-koördineerder